HOËRSKOOL OOS-MOOT

BELEID OOR DETENSIE VIR LEERDERS IN DIE SKOOL

HIERDIE BELEID IS 'N ADDENDUM TOT DIE LEERDERGEDRAGSKODE

INHOUDSOPGAWE

1. TITEL 3
2. DATUM VAN INWERKINGTREDING 3
3. VOLGENDE DATUM VAN HERSIENING 3
4. INLEIDING 3
5. DOEL VAN DIE BELEID 3
6. TERMINOLOGIE EN AKRONIEME 4
7. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID 6
8. TOEPASLIKE WETLIKE RAAMWERK 6
9. BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES 6
10. BELEIDSTELLINGS 6
11. KORT TITEL 12
12. WYSIGINGS 13
13. GOEDKEURING 13

WYSIGINGSGESKIEDENIS:

Soos Gewysig Op: 12 Junie 2023

1. TITEL VAN DIE BELEID: BELEID OOR DETENSIE VIR LEERDERS IN DIE SKOOL

2. DATUM VAN INWERKTREDING: MET ONDERTEKENING EN GOEDKEURING DEUR DIE BL

3. VOLGENDE DATUM VAN HERSIENING:

4. INLEIDING

4.1 Die meeste oortredings van skoolreëls is van ‘n minder ernstige aard wat nie formele klagtes vir ‘n Dissplinêre verhoor verg nie. Detensie-verwysings van leerders is ‘n alternatiewe sanksie wat die skool dan implimenteer.

4.2 Volgens navorsing word getoon dat detensie tot gevolg het dat dit as ‘n metode van sanksie beskou kan word en dat in sommige gevalle dit leerders daarvan sal weerhou om skoolreëls te oortree en gevolglik ook nie ernstige wangedrag te pleeg nie. Daar is ook bevind dat detensie as sanksie deur baie leerders beskou word as weersinwekkend en gevolglik ‘n effektiewe dissiplinêre maatreël is.

4.3 Dit is ook so dat, indien ‘n leerder verskeie male vir detensie verwys word, die effektiwiteit daarvan as sanksie afgewater word, en dat die alternatiewe van ‘n dissiplinêre verhoor deur die BL oorweeg word.

4.4 Detensie as sanksie word in die Leedergedragskode voor ‘n interne geskrewe waarskuwing geplaas.

5. DOEL VAN DIE BELEID

5.1 Om die prosedures en strategieë vir detensie vir leerders wat deur die skool aangewend word as ‘n sanksie vir leerders wat minder ernstige reëls oortreë het of ‘n sekere aantal versuime of debietpunte bereik het, formeel te bepaal.

5.2 Om Opvoeders wat toesig hou in detensieperiodes bewus te maak van hulle *in locus parentis* plig ten opsigte van die leerders in die detensieklas en die prosedures wat gevolg moet word gedurende ‘n detensieperiode.

5.3 Om te verseker dat alle opvoeders en afrigters van buite-kurrikulêre aktiwiteite van die skool bewus is van die prosedures wat gevolg moet word om detensie aan te beveel van ‘n leerder of oortredings van ‘n leerder wat gelei het tot detensie.

6. TERMINOLOGIE EN AKRONIEME

6.1 Terminologie

6.1.1 Terminologie gebruik in hierdie beleid het die betekenis wat daaraan toegeskryf is in die Terminologie en Akronieme.

Term	**Omskrywing**
Detensie	Detensie is die gevolg vir leerders wat nie reëls nakom nie om in ‘n plek waar hulle nie wil wees nie vir ‘n spesifieke tydperk soos deur die skool bepaal, moet deurbring.
Detensieklas	‘n Groep leerders wat onder die toesig van ‘n aangewese opvoeder is gedurende die tydperk van detensie.
Detensieperiode	‘n Periode toegeken vir detensie van leerders wat die skoolreëls oortree het.
Detensie aanwesigheids-register	‘n Amptelike dokument, wat ‘n elektroniese dokument kan wees, waarin die bywoning van leerders in ‘n detensieklas aangeteken word deur die toesighoudende opvoeder of Dissiplinêre Beampte of Dissiplinêre Hoof.
Dissiplinehoof	‘n Opvoeder wat as koördineerder van alle leerder dissiplinêre aangeleenthede optree volgens die skool se gedragskode en dissiplinêre beleid.
Geldige rede	‘n Aanvaarbare rede vir ‘n leerder om van die skool detensieklas afwesig te wees wat deur die hoof of sy gedelegeerde goedgekeur is.
[Skool]Hoof	‘n Opvoeder wat as hoof van die skool aangestel is of waarneem.
Laatkom	Verwys na die laat aankoms van ‘n leerder by die skool of enige klas of skoolaktiwiteit sonder ‘n geldige rede of ‘n skriftelike brief/nota van ‘n personeellid of ‘n ouer.
Leerder	Enige persoon wat onderwys ontvang of verplig is om onderrig te ontvang ingevolge die SASW wat ‘n ingeskrewe leerder van die skool is.
Leerdergedragskode	Die kode vir gedrag van leerders soos bedoel in Artikel 8 van die SASW.
Ouer	(a) die biologiese ouer of voog van ‘n leerder; of (b) die persoon wat wetlike reg het op voogdyskap van ‘n leerder; of

Term	Omskrywing
	(c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van ‘n persoon waarna verwys word in paragraaf (a) en (b) ten opsigte van die leerder se skoolonderrig na te kom.
Opvoeder	Enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by die skool lewer.
Personeel	Die bestuurspersoneel of onderrigpersoneel van die skool.
Skool	Hoërskool Oos-Moot
Skoolaktiwiteit	‘n Amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool binne of buite die skoolgronde.
Skooldag	‘n Dag in ‘n skooljaar.
Skoolperseel	Sluit ‘n gebou, struktuur, saal, lokaal, kantoor, klas, sentrum, gerief, grond en omheinde gebied in wat onder die beheer van die skool is.
Toesig	In die konteks van hierdie beleid die bestuur en beheer van leerders by die skool of gedurende ‘n detensieklas.

6.2 **Akronieme**

Akroniem	Omskrywing
AK	Algemene Kennisgewing
BL	Beheerliggaam van die Skool
GDO	Gauteng Departement van Onderwys
GK	Goewermentskennisgewing
RAVO	Raad vir Opvoeders (“SACE”)
SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig
SBS	Skoolbestuurspan
SK	Staatskoerant
VLR	Die Verteenwoordigende Leerderraad

7. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID

7.1 Hierdie beleid is van toepassing op alle Opvoeders, Ouers en Leerders van die skool.

7.2 Ondanks die bepalings van hierdie beleid, is die skoolowerhede en opvoeders nie vrygestel van voldoening aan die bepalings van enige ander toepaslike wetgewing nie, en is hierdie beleid daargestel om ook sodanige toepaslike wetgewing te ondersteun.

8. TOEPASLIKE WETLIKE RAAMWERK

8.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).
8.2 Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig.
8.3 Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).
8.4 Die Kinderwet, 2005 (wet 38 van 2005), soos gewysig.
8.5 Riglyne vir Beheerliggame in die Aanvaarding van ‘n Gedragskode vir Leerders, Algemene Kennsigewing 776 van 15 Mei 1998.
8.6 Personeeladministrasiemaatreëls soos gepubliseer as GK 222 van 1999 in SK Nr. 19767 van 18 Februarie 1999).
8.7 Regulasies Vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole soos uitgevaardig deur GK 1040 (SK 22754) Van 12 Oktober 2001, soos gewysig deur GK 1128 (SK 29376) Van 10 November 2006.

9. BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

9.1 Die Leerdergedragskode van die skool, skoolreëls, verwante beleide en klaskamerreëls.
9.2 Die skool se Veiligheids- en Gesondheidsbeleid.

10. BELEIDSTELLINGS

10.1 Die strukturering van die detensiestelsel in die skool kan akkumulatief opbou in ‘n leerder se debietlêer en uiteindelik lei tot ‘n formele interne geskrewe waarskuwing of ‘n akademiese ooreenkoms of ‘n formele BL dissiplinêre verhoor. Detensie is daar om leerders bewus te maak dat sekere gedrag onaanvaarbaar is by die skool. Daar moet ingedagte gehou word dat as detensie as ongerieflik ervaar word deur leerders het die implimentering daarvan in sy doel geslaag, want die leerder se eie onaanvaarbare gedrag het tot ongerief van ander in die skool gelei.

10.1.1 In die oplegging van detensie, wat ‘n **verpligte** handeling is en geskeduleer is vir ‘n leerder is die volgende van belang:

a. Die leerders moet skoolklere aanhê in die detensieklas.
b. Interaksie tussen ‘n leerder in die detensieklas en die toesighoudende opvoeder moet emosioneel neutraal gehou word en die opvoeder moet nie toelaat dat hy/sy met beuselagtighede van leerders opgehou word nie. Leerders is in die detensieklas vir ‘n spesifieke rede om regstellende optrede by die leerder te bewerkstellig en dat hy/sy verkieslik nie weer enige maatreël oortree nie.
c. ‘n Inskywing moet gemaak word in die leerder se debietlêer, maar vir detensie mag geen negatiewe punte of versuime toegeken word nie anders is dit ‘n dubbele gevaar (straf) [“double jeopardy”] vir ‘n leerder.
d. Detensie is die eerste stap van die skool se dissiplinêre proses vir ‘n leerder voordat dit verder gevoer word na meer ernstige dissiplinêre stappe vir ‘n leerder wat nie die leerdergedragskode en/of skoolreëls en/of klaskamerreëls nakom nie.
e. Die detensieklas moet nie beskou word as ‘n gemaklike plek waar leerders kom om te “rus” of waar hy/sy klaar sy/haar plek “bespreek” het in die hoekie nie.
f. Die plek van detensie moet nie so opsigtelik wees dat dit die aandag vestig op leerders aan wie detensie as ‘n sanksie opgelê is nie.
g. Slegs ‘n opvoeder of persoon met ‘n volwaardige RAVO (“SACE”) nommer mag toesig hou in ‘n detensieklas.
h. Deurdat die leerders in detensie is, het hy/sy gevolglik uit eie keuse verkies om nie aan enige skoolaktiwiteit deel te neem nie en word vir die tydperk van detensie daarvan ontneem. Detensie mag vir enige leerder gegee word wat oortree en detensie geniet voorkeur bo enige aktiwiteit, soos bv. sportoefening.
i. Detensie mag nie ‘n plaasvervanger vir formele opvoeding en leer wees nie en ekstra klasse mag nie detensie vervang nie.
j. Die detensie omgewing mag nie deur leerders as ‘n aangename tydverdryf ervaar word nie.
k. Die detensieperiode word nie deur die leerder gebruik om huiswerk te doen of om agterstallige skoolwerk in te haal nie.
l. Die leerder moet tydens die detensieperiode die uitskryfwerk doen, soos aan hom/haar opgelê.
m. Elke minuut wat ‘n leerder laat is vir detensie sal lei tot ‘n addisonele 5 minute in detensie. Indien die leerder later as 10 minute aanmeld word dit beskou as afwesig van detensie en sal hy die nodige debiete ontvang. Dit sal lei tot opvolgende detensieklasse wat bygewoon moet word.
n. Indien ‘n leerder ‘n detensieklas so ontwrig dat hy/sy opdrag gegee moet word om die detensieklas te verlaat kan dit lei tot ‘n klag ingevolge skedule

1 (a) van AK 6903 van 2000, soos gewysig vir klasontwrigting en ‘n gevolglike dissiplinêre verhoor van die BL.

o. Leerders sal nie verskoon word van detensie as gevolg van buite-kurrikulêre aktiwiteite nie.
p. Die detensieklas is buite perke vir ander leerders wat nie daar hoort nie en mag nie binne 50 meter van die klas af wees nie.
q. Geen voedsel of enige water, koeldrank ens. word toegelaat nie.
r. Geen leerder mag musiek luister of geen musiek mag vir leerders gespeel word nie.
s. Geen oorfone of “earbuds” word toegelaat gedurende detensie nie.
t. Leerders aan wie detensie opgelê is mag versoek word om hulle selfone by die deur van die detensielokaal in te handig en kan dit dan na afloop van detensie weer ontvang. Selfone moet afgeskakel word gedurende die detensieperiode. Waar leerders die reël oortree, sal dit volgens die skool se selfoonbeleid en gedragskode hanteer word.
u. Leerders mag nie enige vorm van tegnologie gebruik tydens detensie nie.
v. Leerders moet sorg dat hulle voor die tyd badkamer toe gaan, want hulle sal nie toegelaat word om die detensielokaal te verlaat nie.
w. Die skool is nie daarvoor verantwoordelik om vervoer te verskaf aan leerders wat na-ure detensie sit nie, maar dit kan in ag geneem word wanneer die leerder detensie moet sit.
x. Leerders moet die detensie aanwesigheidsregister teken by aankoms en vertrek.
y. Indien dit blyk dat daar ‘n suspisie bestaan dat ‘n leerder onder die invloed is van ‘n dwelmmidel van enige aard in die detensieklas, sal die toesighoudende opvoeder die dissiplinehoof per WhatsApp inlig sodat die leerder getoets kan word.
z. Leerders mag deursoek word voordat hulle ‘n detensieklas ingaan of tydens ‘n detensieperiode.
aa. Die hele detensielokaal moet sigbaar wees op die skool se geslote kamerastelsel en indien moontlik ook met klankopname toegerus wees as ‘n addisionele hulpmiddel indien enige leerder wangedrag pleeg en/of die opvoeder sy/haar versorgingsplig nie nakom nie of om enige noodgeval of geval wat plaasvind te rekordeer.

10.1.2 Akkumulatiewe oortredings sluit die volgende in (maar is nie net daartoe beperk nie - sien ook 11.1.11)

a. Huiswerk herhaaldelik nie gedoen nie.
b. Selfoonoortredings van ‘n mindere aard.
c. Ontwrigtende gedrag in die klas. (afhangend van die ernstige graad van die wangedrag kan die wangedrag onmiddellik lei tot ‘n formele klag en ‘n gevolglike Dissiplinêre verhoor ingevolge Skedule 1 (a) van Algemene Kennsigewing 6903 van 2000, soos gewysig).

d. Boeke, skrifte en ander leer- en onderrigmateriaal nie beskikbaar in die klas vir die leerder om klaswerk te verrig nie.
e. Laatkommery vir die aanvang van skool, ‘n skoolaktiwiteit en/of om nie betyds te wees vir die aanvang van ‘n klas of saalopening ens.
f. Leuens te vertel of onwaarhede voor te hou aan opvoeders of lede van die VLR.
g. Weiering om ‘n wettige opdrag van ‘n opvoeder of ander personeellid van die skool of ‘n VLR-lid uit te voer.
h. Disrespek teenoor die skool, ‘n opvoeder of ander volwasse persoon.
i. Stokkiesdraai en nie in ‘n klas of plek te wees soos daar verwag kan word van die leerder nie.
j. Om die skoolgronde of ‘n klas of plek van samekoms sonder toestemming te verlaat.
k. Selfoonoortredings van ‘n minder ernstige aard. Selfone mag gekonfiskeer word en vir ‘n sekere tydperk deur die skool in die skoolkluis geberg word. Stoorgeld van R100 is betaalbaar.
l. Geringe oortredings van die skool se voorkoms- en gedragskode.
m. Growwe en aanstootlike taalgebruik. Indien dit herhaaldelik voorkom, sal die leerder gedaag word om voor ‘n formele Dissplinêre Komitee van die BL te verskyn.

10.1.3 Dit is die prerogatief van die opvoeder, dissiplinehoof, ‘n lid van die SBS of hoof van die skool om ‘n oortreding te klassifiseer vir die doeleindes van detensie of ‘n meer ernstige klag teen ’n leerder in te bring.

10.1.4 Detensie word as effektief beskou as die resultaat daarvan lei tot positiewe gedrag van ‘n leerder.

10.1.5 Indien geen of min verandering van negatiewe gedrag bespeur word nie, moet die SBS en/of die hoof alternatiewelik meer ernstige stappe oorweeg ingevolge die Skool se leerdergedragskode en reëls en/of gepaardgaande beleide en wetgewing/regulasies en/of ouervergaderings/intervensies.

10.1.6 Leerders aan wie detensie as sanksie opgelê is, sal ‘n detensiebrief ontvang en hul ouers moet ten minste 24 uur voor die dag van die detensie wat aan ‘n leerder opgelê is, op skrif of per WhatsApp of per SMS in kennis gestel word dat daar aan hulle kind ‘n detensie as sanskie opgelê is en die oortredings spesifiseer.

10.1.7 Leerders mag nie detensie opgelê word in ‘n periode waarin hulle toets of eksamen moet skryf nie, maar kan opdrag gegee word om na afloop van die

toets of eksamen aan te meld op ‘n tyd en by ‘n klas of ander lokaal op die skoolterrein om detensie te ondergaan.

10.1.8 Leerders se name mag nie gepubliseer word in ’n lys en op die kennisgewingbord aangebring word of in enige klas aangebring word nie of enige ander plek by die skoolterrein of op enige sosiale media platform gepubliseer word nie, behalwe waar ouers individueel ingelig word soos hierbo vermeld word. Leerders mag egter per intercom, sonder om redes te verskaf, ingelig word om by ‘n sekere opvoeder wat elke dag iemand anders moet wees, aan te meld waar hulle dan sodanige detensiebriewe of notas ontvang met die besonderhede waar en wanneer hulle vir detensie moet aanmeld. Sodanige leerders moet ontvangs erken per handtekening vir die brief.

10.1.9 ‘n Aanwesigheidsregister wat deur die dissplinehoof of die aangewese opvoeder opgestel is nadat hy/sy die name vroegtydig ontvang het van leerders wat in daardie detensieperiode aanwesig moet wees, moet betyds aan die toesighoudende opvoeder voorsien word wat die name van leerders afmerk en elke leerder moet teen sy/haar naam op die register teken. Die register moet aan die dissiplinehoof terugbesorg word vir rekorddoeleindes en/of inlees in die Debietstelsel van die skool.

10.1.10 Waar ‘n leerder nie detensie kan bywoon nie, moet die ouer ‘n skriftelike versoek rig aan die dissiplinehoof met redes waarom ‘n leerder verskoon moet word. Dit vrywaar egter nie leerder om in die toekoms nie die detensieklas te kan bywoon nie. Die dissiplinehoof en/of die hoof moet die redelikheid van die versoek oorweeg en die ouer van die leerder inlig van die volgende datum van detensie wat die leerder moet bywoon. Indien die leerder dan ook nie beskikbaar is nie sal daar verdere dissiplinêre stappe geneem word.

10.1.11 Tydens ‘n detensieperiode mag ‘n leerder nie:

a. met ander leerders of die opvoeder in beheer (tensy dit ‘n werklike noodgeval is) op enige wyse kommunikeer nie. Indien dit wel ‘n noodgeval is, moet hy/sy sy/haar hand opsteek en die versoek aan die opvoeder in ‘n lae stem, sonder om ontwrigtend te wees, respekvol oordra;
b. sonder die toestemming van die toesighoudende opvoeder in die klas rondbeweeg nie;
c. sy/haar selfoon/slimfoon/”smart watch” of enige ander elektroniese toestel behalwe ‘n sakrekenaar aanskakel of daarmee op enige manier doenig wees nie. ‘n Sakrekenaar mag slegs gebruik word met toestemming van die toesighoudende persoon;

d. geen geraas maak en die detensieklas op enige wyse ontwrig nie;
e. gedurende detensie slaap of ‘n posisie inneem asof hy/sy wil slaap nie;
f. tensy dit ‘n stille onaktiewe detensie is sal daar aan leerders (uitskryf)werk gegee word om doen op aparte papier wat na afloop van die detensie by die toesighoudende opvoeder ingedien moet word.
g. leerders moet agter ‘n skoolleerderlessenaar op ‘n stoel sit, in stilte hul werk doen en regop sit en nie agteroor leun op ‘n stoel nie;
h. leerders mag nie sit waar hy/sy wil in die detensielokaal nie, ‘n sitplek sal aan hom/haar deur die toesighoudende opvoeder toegeken word.

10.2 Die Opvoeder se Versorgingsplig as Toesighouer Gedurende ‘n Detensieklas

10.2.1 Opvoeders in beheer van ‘n detensieklas sal bewus wees van hulle morele en wetlike plig om te verseker dat hulle, hul *in locus parentis* plig nakom tydens sodanige periode en veral let op situasies wat die veiligheid van enige leerder mag bedreig en altyd in die beste belang van die leerder sal optree ingevolge artikel 32 van die Kinderwet.

10.2.2 Verder spruit die versorgingsplig ook voort uit die Grondwet en die Handves van Menseregte asook ander wetgewing en die Nasionale Veiligheidsregulasies vir skole. Indien daar ‘n noodgeval ontstaan, volg die opvoeder dieselfde prosedure soos in ‘n gewone klassituasie.

10.2.3 Die versorgingsplig (*in locus parentis*) van die opvoeder spruit ook voort as gevolg van sy/haar professie as opvoeder, maar dit beteken nie dat die opvoeder die ouer vervang nie. Verder moet die opvoeder deeglik bewus wees en ingelig word deur die hoof/dissiplinehoof of ander gedelegeerde van die hoof van sy/haar verantwoordelikhede en pligte as toesighouer tydens ‘n detensieklasperiode.

10.2.4 Al is die leerders toegewys om detensie te sit moet hulle nog steeds met menswaardigheid behandel en aangespreek word.

10.2.5 Die veiligheid en beste belange van die kind is van kardinale belang in die detensieklas.

10.2.6 Die hoof en/of sy gedelegeerde moet detensie as ‘n sanksie regverdig toepas ten opsigte van alle leerders in die skool wat oortredings begaan ingevolge hierdie beleid asook enige ander reël van die skool en die toepaslike wetgewing.

10.2.7 Die opvoeder mag nie tydens toesig in die detensieklas buite die klas staan of ander werk verrig is wat sy/haar aandag aftrek van wat in die klas gebeur nie.

Die opvoeder moet die hele tyd bedag wees en bewus wees wat in die klas gebeur en mag op en af beweeg tussen die banke.

10.3 **Die Oplegging van Detensie as ‘n Sanksie**

10.3.1 Die hoof en/of sy/haar gedelegeerde mag nadat hy/sy hom/haarself vergewis het dat ‘n leerder onbehoorlik en strydig met enige skoolreël opgetree het wat detensie regverdig, detensie aan enige leerder (selfs lede van die VLR) as ‘n regstellende sanksie oplê.

10.3.2 Geen appél bestaan vir die oplegging van detensie nie, maar daar moet bona fide bewyse wees gebaseer op die waarskynlikheidsbeginsel dat ‘n leerder detensie as sanksie mag ontvang.

10.3.3 Die gebruikmaking van detensie as ‘n sanksie deur die hoof of sy/haar gedelegeerde as ‘n metode om leerdergedrag te verbeter en/of te reguleer sal volgens die diskresie van hoof of sy/haar gedelegeerde toegepas word en moet verseker dat die volgende beginsels nagekom word:

a. dit is die mees toepaslike metode vir die oplegging van ‘n sanksie as gevolg van mindere wangedrag wat gepleeg is deur ‘n leerder;
b. dat detensie op ‘n regverdige en redelike manier toegepas word en ook gelei word deur die toepassing van gesonde verstand;
c. dat in die detensieklas verkieslik nie senior en junior leerders saam gegroepeer word nie;
d. die veiligheid van leerders moet te alle tye nagekom word en indien daar bv werklik geen ander vervoer vir ‘n leerder is as die vervoer wat hy/sy na skool moet gebruik dan moet die leerder dalk ‘n ander vorm van sanksie kry soos gemeenskapsdiens tydens pouses.
e. Van die ander faktore wat in ag geneem moet word is:
    i. Die graad van die ernstigheid van die oortreding.
    ii. Die ouderdom en verstandelike vermoë van die leerder.
    iii. Die afstand wat die leerder van die skool af woon en met ander vorme van vervoer moet reis en die beskikbaarheid van sulke vervoer.

11. KORT TITEL

11.1 Die beleid sal bekend staan as die Skool se Detensiebeleid.

12. WYSIGINGS

12.1 Die BL en die hoof behou die reg voor om af te wyk van die bepalings van die beleid of enige wysigings te maak aan die beleid indien dit nodig mag blyk of indien wetgewing of die GDO dit mag vereis.

13. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur op ‘n Beheerliggaam vergadering van die Hoërskool Oos-Moot.